

**Lorna Dreyer & Sharon Pienaar\***

Wêreldonderwysersdag word jaarliks op 5 Oktober gevier om onderwysers te vereer vir die deurslaggewende rol wat hulle in die vorming van die toekoms van ons kinders speel deur hul potensiaal te koester en hul opvoedkundige ervarings te verryk. Hulle volhard in hierdie rol te midde van die toenemend diverse en komplekse behoeftes van leerders.

Dit het wêreldwyd gelei tot 'n toename in die hoeveelheid kinders met leerprobleme wat hoofstroomklaskamers betree. Studies het 'n toename in die getal leerders met outismespektrumversteuring (OSV) in skole getoon. In die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel word die meeste van hierdie kinders onderrig in spesiale skole wat die hulpbronne het om aan hul hoëvlak-ondersteuningsbehoefte te voldoen. Ongeveer 10% van kinders met OSV is egter in gewone hoofstroomskole.

Navorsing toon die meeste onderwysers meen alle kinders is daarop geregtig om saam met hul nie-outistiese eweknieë in klasse onderrig te word. Dit dui ook aan dat 'n beduidende getal onderwysers verskeie uitdagings ervaar, omdat hulle nie opleiding het oor hoe om leerders met OSV inklusief in hoofstroomskole te ondersteun nie.

Om die uitdagings waarmee onderwysers gekonfronteer word ten volle te verstaan, is dit belangrik om te benadruk dat OSV een van die mees algemene neurologiese versteurings by kinders is en dat dit hul sosiale interaksie, kommunikasie en gedrag in die klaskamer beïnvloed. Soos die naam aandui, bestaan OSV op 'n spektrum, dus vertoon elke leerder met die versteuring unieke eienskappe, al sal daar sterk ooreenkomste tussen leerders wees

Hulle kan probleme ondervind om verhoudings met hul eweknieë te bou en in stand te hou. Hulle kan ook minder belangstelling in sosialisering toon en met wederkerige sosiale interaksie sukkel. Voorts toon hulle dikwels probleme om sosiale seine soos nie-verbale kommunikasie te verstaan.

Leerders met OSV sukkel om gesigte te herken, ander na te boots, oogkontak te maak en/of aan voorgee-speletjies deel te neem. Hulle kan voorts vertraagde ontwikkeling van gesproke taal toon en uitdagings ervaar om gesprekke te begin en vol te hou. Hulle is ook geneig om taal letterlik te interpreteer en kan sukkel om abstrakte konsepte te verstaan.

Hierdie leerders kan herhalende gedrag toon, op "eendersheid" in die klaskamer aandring, asook 'n obsessie met vreemde voorwerpe of 'n fiksasie met 'n sekere onderwerp hê. Hulle raak angstig wanneer dinge in die klaskamer verander.

Hulle kan sukkel met oorgange tussen take of klasse, sosiale betrokkenheid en die verwerking van inligting. Hierdie probleme veroorsaak dikwels angste en gevolglik moet onderwysers bewus wees van hierdie probleme en hoe om dit te bestuur.

Onderwysers het daarop gewys dat leerders met OSV probleme ondervind met konsentrasie en aandag, om take betyds te voltooi en dat hulle sensoriese oorlading ervaar. Hulle sukkel ook om aktief aan lesse deel te neem, met hul eweknieë te skakel en aan groepwerk deel te neem.

Nog 'n uitdaging is dat baie van hierdie leerders probleme met uitvoerende funksies ervaar, wat hul beplanning en organisasie van skooltake beïnvloed. Hierdie probleme kan uitdagings met impulsiwiteit en emosionele regulering veroorsaak.

Al is daar geen bekende genesing vir ASD nie, kan vroeë ingryping volgens die [American Psychiatric Association](#) hierdie leerders se probleme tot die minimum beperk.

In 'n onlangse [studie](#) het onderwysers genoem dat hulle oorweldig voel omdat hulle nie altyd verstaan watter onderrigpraktyke om te gebruik wanneer kinders met OSV onderrig word nie. Weens die uiteenlopende onderwysbehoefte van hul leerders sukkel onderwysers ook om met die kurrikulum tred te hou. Hulle ervaar voorts probleme met die handhawing van die standaard wat deur die skool vereis word. Dit blyk hul gevoel van selfwaargenome onbekwaamheid te vererger.

Dit help ook nie dat daar geen onderwysreëlboek is om hulle leiding te gee oor hoe om insluiting te bestuur nie. Dit is nie verbasend dat die voldoening aan die behoeftes van hierdie leerders besonder uitdagend vir onderwysers is nie, aangesien geen enkele onderrigmetode of -aanpassing vir alle leerders met OSV sal werk nie. In die lig van die kompleksiteit wat met die toestand gepaardgaan, kan onderwysers dit veeleisend vind om die uiteenlopende behoeftes van al die leerders in 'n inklusiewe klaskamer te hanteer.

Hierdie uitdagings noop onderwysers om innoverend te wees om die opvoedkundige behoeftes van leerders met OSV aan te pak en tegelyk te verseker dat aan die vervulling van die behoeftes van die nie-outistiese leerders in die klaskamer voldoen word. Onderwysers word dus gedwing om versigtig te trap om op die behoeftes van alle leerders in die klaskamer te reageer en te verseker dat almal onderwys van gehalte en ondersteuning ontvang.

Ons onderwysers pleit vir opleiding met betrekking tot onderrigpraktyke, differensiasie en om voorsiening te maak vir spesiale reëlins soos bykomende tyd, 'n aparte lokaal, 'n voorsêer, 'n leser, 'n skriba, ensovoorts. Hulle het bykomende professionele ondersteuning nodig om inklusiewe onderwys in die klaskamer te implementeer. In onlangse [navorsing](#) het deelnemers die behoefte aan bystand van beroepslui soos 'n sielkundige genoem om leiding te bied oor beste praktyke om met leerders met OSV te werk.

Terwyl ons Wêreldonderwysersdag in Suid-Afrika vier, moet ons luister na die stemme van diegene wat met die vorming van ons kinders se toekoms belas is. Ons wil daardie onderwysers prys wat, ondanks verskeie uitdagings, steeds die behoefte benadruk om leerders met OSV saam met hul nie-outistiese eweknieë te onderrig ter nastrewing van maatskaplike geregtigheid en menswaardigheid vir almal.

**\*Prof Lorna Dreyer is 'n medeprofessor in die Departement Opvoedkundige Sielkunde aan die Universiteit Stellenbosch. Sharon Pienaar is 'n opvoedkundige sielkundige in privaatpraktyk.**